Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BSW Maatskaplike Werk (01130144)

Duur van studie	4 jaar
Totale krediete	589
Kontak	Prof LS Geyer stephan.geyer@up.ac.za +27 (0)124202648

Programinligting

Die doel van hierdie geïntegreerde program is om professionele opleiding aan te bied ter voorbereiding vir ’n beroep in maatskaplike werk. Die teoretiese opleiding gaan hand aan hand met toepaslike praktiese inoefening van vaardighede.

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes sowel as die TPT-vereistes van hierdie programme sal in die programme geplaas word, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke. Bogenoemde is nie van toepassing op keuringsprogramme nie.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal. Voornemende studente wat reeds voorlopige toelating tot hierdie programme ontvang het, maar 'n TPT van ten minste 27 in Graad 12 behaal het, sal deur die Toelatingskomitee oorweeg word indien plekke beskikbaar is. Die Toelatingskomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe sal hierdie studente oorweeg sodra die uitslag van die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) beskikbaar is en onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.
- Die Fakulteit sal bevredigende resultate in die NBT beoordeel in die lig van sy onderneming om te verseker dat ‘n voldoende gedeelte aansoekers uit die histories benadeelde kategorie van die bevolking getrek word.
- Aansoekers wat aan die minimum TPT-vereistes voldoen, maar nie aan die vakvereistes nie, moet die NBT aflê.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.
- Departementele keuring vind plaas aan die einde van die eerste jaar en is gebaseer op akademiese prestasie, psigometriese toetse en ’n onderhoud.

Minimum vereistes

Prestasievlak				
Afrikaans of Engels				**TPT**
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	30

Ander programspesifieke inligting

- Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.
- Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, is verplig om ’n taalmodule ter waarde van 12 krediete uit die lys van taalmodules (sien Akademiese geletterdheid).
- Studente word gekeur vir toelating tot tweedejaarsvlak. Die keuringsproses sluit in akademiese punte, psigometriese toetsing en ’n persoonlike onderhoud wat dieselfde gewig dra. ’n Keuringsproses is ook van toepassing op studente van ander universiteite wat aansoek doen om hulle maatskaplikewerkstudies by UP voort te sit. Inligting kan van die programkoördineerder verkry word.
- Geen student sal toegelaat word om met modules van jaarvlak 4 te begin alvorens al die maatskaplikewerkmodules tot en met die derdejaarsvlak asook ten minste tagtig persent (80%) van die modules wat daarbenewens vir die program vereis word, suksesvol voltooi is nie.
- Keusemodules: Kies modules uit die lys ter waarde van 140 krediete waarvan 80 krediete op jaarvlak 2 en 60 krediete op jaarvlak 3 moet wees. Een dissipline moet op jaarvlakke 1, 2 en 3 geneem word.

Let wel:

- Indien Kriminologie tot op derdejaarsvlak gekies word (dit behels maw al die bogenoemde Kriminologie-modules), moet studente ook SLK 220 en SOC 220 neem.
- Indien Sielkunde tot op derdejaarsvlak gekies word (dit behels maw al die bogenoemde Sielkunde-modules), moet studente ook KRM 210 en SOC 220 neem.
- Indien Sosiologie tot op derdejaarsvlak gekies word (dit behels maw al die bogenoemde Sosiologie-modules), moet studente ook KRM 210 en SLK 220 neem.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 120

Fundamentele modules

Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101)

Module-inhoud:

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Akademiese inligtingbestuur 121 (AIM 121)

Module-inhoud:

Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

Modulekrediete	4.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie Fakulteit Veeartsenykunde
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, Mamelodi
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Informatika
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Academic literacy for Humanities 125 (ALL 125)

Module-inhoud:

This module equips students to understand and use a range of discipline-specific terminology; apply the strategies of critical and comprehensive reading to their own academic literacy; apply the conventions of academic writing to their own writing, using the process approach, to produce intelligible academic texts and use the correct referencing technique as required by the faculty.

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Akademiese inligtingbestuur 111 (AIM 111)

Module-inhoud:

Vind, evalueer, prosesseer, bied inligtingbronne aan en bestuur hulle vir akademiese doeleindes deur die gepaste tegnologie te gebruik.

Modulekrediete	4.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Regsgeleerdheid Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe Fakulteit Teologie
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	Mamelodi, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Inligtingkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Academic orientation 101 (UPO 101)

Modulekrediete	0.00
Voorvereistes	No prerequisites.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	GW Dekaanskantoor
Aanbiedingstydperk	Jaar

Academic literacy 110 (ALL 110)

Module-inhoud:

This module intends to equip students to cope more confidently and competently with the reading and understanding of a variety of texts, to apply these skills in a variety of contexts and to follow the conventions of academic writing.

Modulekrediete	6.00
Diensmodules	Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Teologie
Voorvereistes	No prerequisites.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Eenheid vir Akademiese Gelett
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Kernmodules

Maatskaplikewerkteorie 110 (MWT 110)

Module-inhoud:

Deel 1: Ontwikkelingsgerigte maatskaplike werk Die oorsprong en aard van maatskaplike welsyn en maatskaplike werk vanuit ‘n nasionale en internasionale perspektief. Sosio-ekonomiese probleme, teikengroepe, spesialiteitsterreine, intervensievlakke (individuele, gesins-, groep- en gemeenskapsvlak), diensverskaffers en rolspelers in die Suid-Afrikaanse konteks. Ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn; die beginsels, waardes, doel en funksies van maatskaplike werk in ’n ontwikkelingsgerigte perspektief. Kultureel-sensitiewe maatskaplikewerkpraktyk. Deel 2: Maatskaplikewerkintervensie: Gemeenskap Aard en kenmerke van maatskaplikewerkintervensie met gemeenskappe; verkenning van die komponente van gemeenskappe en gemeenskapswerk; die waarde van die ekosistemiese teorie in gemeenskapswerk; samestelling van ’n gemeenskapsprofiel en die beginsels van maatskaplikewerkdienste aan gemeenskappe om gemeenskapsdeelname te bevorder. Deel 2: Maatskaplikewerkintervensie: Gemeenskap Aard en kenmerke van maatskaplikewerkintervensie met gemeenskappe; verkenning van die komponente van gemeenskappe en gemeenskapswerk; die waarde van die ekosistemiese en sterkteperspektief teorie in gemeenskaps¬werk; samestelling van ’n gemeenskapsprofiel en die beginsels van maatskaplikewerkdienste aan gemeenskappe om gemeenskapsmobilisering en -deelname te bevorder.

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sosiologie 110 (SOC 110)

Module-inhoud:

Deel 1: Die individu en die samelewing
'n Inleiding tot sosiologie en die klassike sosiologiese paradigma en die beginsels van die sosiologiese navorsingsmetodes.

Deel 2: Die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse orde

Hierdie afdeling ondersoek sleutelfaktore wat tot die totstandkoming en vorming van die kontemporêre Suid-Afrikaanse sosiale orde aanleiding gegee het en skenk oorweging aan die sosiologiese implikasies hiervan. Studente word bekendgestel aan die politieke ekonomie van Suid-Afrika, met klem op die aard van die Suid-Afrikaanse industrialiseringsproses, proletariaatvorming, en die instelling van die trekarbeidstelsel. Hierbenewens word die rassestaat, die fondamente van hierdie staat se sosiale projek, sowel as die ruimtelike vorm van Suid-Afrika se 20ste-eeuse rassemoderniteit onder die loep geneem.

Modulekrediete	12.00

Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Kriminologie 120 (KRM 120)

Module-inhoud:

Deel 1: Penologie In die Penologie word aandag aan die strafregsplegingstelsel as sisteem gegee ten einde die belangrikheid van ’n geïntegreerde benadering tot oortrederhantering te benadruk. Die impak van oorbevolking in gevangenisse word krities in oënskou geneem. Verder word aandag aan die probleme rakende verhoorafwagtende oortreders asook die belang van gemeenskapsgebaseerde vonnisse en die herintegrasie van oortreders in die gemeenskap gegee. Deel 2: Misdaadvoorkoming en -beheer Verantwoordelikhede van die polisie en gemeenskap by misdaadvoorkoming en -beheer. Primêre, sekondêre en tersiêre misdaadvoorkoming, misdaadvoorkoming en -vermindering in Suid-Afrika.

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	KRM 110
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Maatskaplike werk in die praktyk 161 (MWP 161)

Module-inhoud:

Integrering van maatskaplikewerkteorie en -praktyk binne ‘n ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerkperspektief; relevansie van en blootstelling aan vrywillige werk en kulturele diversiteit. Inleiding tot welsynsdienste binne die praktyk en verskillende velde van dienslewering. Die toepassing van maatskaplikewerkintervensie in die gemeenskap deur middel van ‘n situasie-analise en met groepe en individue by wyse van rolspel binne ‘n laboratoriumopset. Lewensvaardigheidsopleiding ten opsigte van ‘n holisties gebalanseerde lewenstyl, menslike seksualiteit en MIV/Vigs, konflikhantering, selfbeeld en vaardighede in openbare redevoering.

Modulekrediete	6.00

Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Sielkunde 110 (SLK 110)

Module-inhoud:

'n Algemene oriëntering tot die sielkunde. Inleiding tot verskillende teoretiese benaderings in en die ontwikkeling van die sielkunde as wetenskap word behandel. Geselekteerde temas uit die alledaagse lewe word bespreek en met sielkundige beginsels geïntegreer. Hierdie module fokus ook op sentrale persoonlikheidsteorieë. 'n Inleiding tot verskillende paradigmatiese benaderings in die sielkunde word gegee.

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Maatskaplikewerkteorie 120 (MWT 120)

Module-inhoud:

Deel 1: Maatskaplikewerkintervensie: Individu en groep Kenmerkende eienskappe van die helpende verhouding; die kommunikasieproses; basiese interpersoonlike vaardighede en ekploreringsvaardighede in maatskaplikewerkintervensie met individue. Verskillende tipes groepe; groepsdinamika; leierskap en basiese vaardighede vir groepleiers in maatskaplikewerkintervensie met groepe. Deel 2: Gesinsontwikkeling en -begeleiding Gesinne: Die lewensiklus van die gesin, take en gedrag van die lede van die gesin. Die fokus is op die sosiale, ekonomiese, godsdienstige en kulturele diversiteit van gesinne en oorsake vir gesinsontwrigting.

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Sosiologie 120 (SOC 120)

Module-inhoud:

Deel 1: Die sosiologie van instellings
Die sosiale dinamiek van samelewingsinstellings soos die gesin, die staat, die ekonomie, godsdiens, onderwys, en burgerlike samelewing met ’n spesifieke fokus op die Suider-Afrikaanse problematiek word in hierdie afdeling behandel.

Deel 2: Sosiale stratifisering: Ras, klas en gender
Die aard en dinamiek van sosiale stratifisering en ongelykheid sal ondersoek word. Ras, gender en klas is die fokuspunte van die afdeling. Die Suid-Afrikaanse ervaring word beklemtoon.

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kriminologie 110 (KRM 110)

Module-inhoud:

Deel 1: Fundamentele kriminologie
Inleiding tot die kriminologie, omskrywing van misdaad, misdaadtendense, klassieke en positivistiese verklarings van misdaad.
Deel 2: Geweldsmisdaad
‘n Kort analise van oorsake, gevolge en meganismes ter voorkoming en vermindering van geweldsmisdaad in ‘n Suid-Afrikaanse konteks. Omskrywing van geweldsmisdaad in terme van interpersoonlike geweld, moord, geweldsmisdaad binne die kriminele regsplegingstelsel en eiendomsverwante geweldsmisdaad.

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Regsgeleerdheid
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim

Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sielkunde 120 (SLK 120)

Module-inhoud:

Hierdie module is ‘n inleiding ten opsigte van ‘n basiese kennis en begrip van die biologiese basis van menslike gedrag. Die module behels die kernkonsepte en terminologie wat met die biologiese subsisteem verband hou, die reëls en beginsels onderliggend aan biologiese sielkunde en die identifisering van verwantskappe tussen verskillende biologiese sisteme en subsisteme. Verskillende kognitiewe prosesse word bestudeer insluitend persepsie, geheue, denke, intelligensie en kreatiwiteit. Verskeie denkprosesse, soos probleemoplossende, krities-analitiese en integrerende denke word geillustreer.

Modulekrediete	12.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 179

Kernmodules

Maatskaplikewerkteorie 220 (MWT 220)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Deel 1: Gesinsontwikkeling en -begeleiding Gesinsfunksionering met spesifieke verwysing na die komponente van die intieme verhouding en gedrag en diversiteit in gesinne, ouerskap en hulpmiddels vir die assessering van gesinne. Deel 2: Spesialiteitsterreine Maatskaplikewerkdienste met individue, groepe en gemeenskappe, asook toepaslike beleid en wetgewing met betrekking tot substansafhanklikheid en gerontologie.

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	MWT 110, 120, MWP 161+DS
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Welsynsreg 120 (WRG 120)

Module-inhoud:

Hierdie module is ‘n voortsetting van die eerste module in welsynsreg wat daarop gemik is om studente vertroud te maak met aspekte van die reg van spesifieke belang vir maatskaplike werkers. Die module bestaan uit die volgende komponente: ‘n inleiding tot die huweliksreg, die huweliksgoedereregen die egskeidingsreg; die gesagsreg met inbegrip van aspekte soos die verkryging, aard, inhoud en inmenging met ouerlike gesag; die rol van die maatskaplike werker in die familieregkonteks.

Modulekrediete	7.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	WRG 110 GS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Maatskaplike werk in die praktyk 261 (MWP 261)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Voorbereiding, eksplorering en assessering van kliëntsisteme se funksionering met ‘n bewustheid van die maatskaplikewerkwaardes en diversiteit. Aanwending van toepaslike intervensievaardighede, -prosesse, -tegnieke en -modelle ten opsigte van individue, groepe, gesinne en gemeenskappe. Evaluering van uitkomste en toepaslike afsluiting van intervensieprosesse.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	MWT 110, 120, MWP 161+DS
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Maatskaplikewerkteorie 210 (MWT 210)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Deel 1: Maatskaplikewerkintervensie: Gemeenskap Die mandaat van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling binne die konteks van ontwikkelingsgerigte maatskaplike welsyn in Suid-Afrika. Bestudering van die proses van gemeenskapswerk en gemeenskapsontwikkeling met spesifieke fokus op verskeie benaderings tot gemeenskapsassessering, praktykmodelle, insluitend die rolle en tegnieke. Deel 2: Maatskaplikewerkintervensie: Individu en groep ‘n Teoretiese benadering tot werk met individue en groepe binne ‘n multikulturele konteks; kommunikasievaardighede en fases van die hulpverleningsproses.

Modulekrediete	20.00
Voorvereistes	MWT 110, 120+DS
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Ondernemingbestuur 114 (OBS 114)

Module-inhoud:

Inleiding tot ondernemingsbestuur as vakwetenskap; die omgewing waarin die onderneming funksioneer; die saketerrein, missie en doelstelling van die sakeonderneming; bestuur en entrepreneurskap. Verantwoordelike leierskap en die rol van 'n besigheid in die samelewing. Die keuse van ‘n ondernemingsvorm; die keuse van produkte en dienste; winsbeplanning en kostebeplanning by verskillende bedryfsgroottes; vestigingsfaktore; aard van produksieprosesse en die uitleg van die bedryf.
Inleiding tot en oorsig van algemene bestuur, veral betreffende die vyf bestuurstake: strategiese bestuur; hedendaagse tendense en bestuursvraagstukke; finansiële bestuur; bemarking en eksterne betrekkinge.
Inleiding tot en oorsig van die waardekettingmodel; bestuur van die insette; die bestuur van die aankoopfunksie;

bestuur van die transformasieproses met spesifieke verwysing na produksie- en operasionele bestuur; menslikehulpbronbestuur en inligtingsbestuur; korporatiewe bestuur en swart ekonomiese bemagtiging (SEB).

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Mag nie in dieselfde kurrikulum ingesluit word as OBS 155 nie
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Welsynsreg 110 (WRG 110)

Module-inhoud:

Hierdie module is daarop ingestel om studente in te lei in die studie van regsaspekte wat van besondere belang is vir die maatskaplike werker. Die module sluit die volgende komponente in: Inleiding tot die reg in die algemeen met inbegrip van ‘n oorsig van die bronne van die reg, die Suid-Afrikaanse hofstelsel, die regsprofessie, regshulp en die prosesreg; die personereg, met spesifieke verwysing na die ontstaan en beëindiging van regsubjektiwiteit en ‘n persoon se status in die reg; ‘n inleiding tot die strafreg en straftoemeting en die rol van die maatskaplike werker in die strafproses.

Modulekrediete	7.00
Diensmodules	Fakulteit Geesteswetenskappe
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Privaatreg
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Keusemodules

Sosiologie 220 (SOC 220)

Module-inhoud:

Deel 1: *Demografie, gesondheid en die samelewing*
Hierdie afdeling ondersoek die dinamiese interaksie tussen demografie en gesondheid aan die hand van Suid-Afrikaanse en internasionale gevallestudies. Die betekenisvolle toename in die wêreldbevolking gedurende die vorige eeu vermeervoudig die sleuteluitdagings wat kontemporêre samelewings in die gesig staar. Die wisselwerking tussen demografiese prosesse, soos morbiditeit, mortaliteit, fertiliteit en mobiliteit, het ’n impak op

die grootte van ’n bevolking. Net so word hierdie faktore weer tot ’n redelike mate deur die struktuur sowel as die kulturele konteks van ’n samelewing gevorm. Sentraal tot hierdie proses is besorgdhede oor gesondheid en siekte.

Deel 2: *Kultuursosiologie*

Hierdie afdeling ondersoek temas in kultuursosiologie met ’n fokus op die wyses waarop individue sowel as kollektiewe groeperinge in die alledaagse lewe betekenis konstrueer. Die wisselwerking tussen kultuur en institusionele vorme sowel as sosiale strukture kom ook onder die loep. Studente sal aan die werk van sleuteldenkers in die veld bekendgestel word en kry die geleentheid om ’n onafhanklike essay oor ’n tema in kultuursosiologie te skryf.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	SOC 110, SOC 120(GS)
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Sielkunde 220 (SLK 220)

Module-inhoud:

In hierdie module word interpersoonlike en groepprosesse vanuit ‘n sosiaal-sielkundige perspektief bestudeer. Temas wat behandel word, sluit in kommunikasie, prososiale gedrag, sosiale beïnvloeding en oorreding, politieke transformasie, groepgedrag en geweld.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 110, SLK 120(GS) en RES 210 word aanbeveel
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kriminologie 210 (KRM 210)

Module-inhoud:

Deel 1: Forensiese kriminalistiek
Misdaadondersoek, inligtinginsameling deur kommunikasie, nadoodse en serologiese ondersoeke, en vingerafdrukke.

Deel 2: Jeugwangedrag
Invloed van die gesin, skool en portuurgroep, bendegedrag, dwelmmiddelgebruik, teoretiese verklarings, asook beheer en voorkoming van jeugwangedrag.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KRM 110,120
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sielkunde 210 (SLK 210)

Module-inhoud:

In hierdie module word menslike ontwikkeling vanaf konsepsie tot adolessensie, asook volwassenheid aan die hand van verskillende teoretiese modelle bespreek. Dit sluit in ontwikkelingsveranderinge ten opsigte van kognitiewe, fisieke, emosionele en sosiale funksionering en die konteks van werk. Tradisionele en kontemporêre teorieë oor menslike ontwikkeling in hierdie fases word bestudeer ten einde die kernvraagstukke wat tydens die kinderjare en volwassenheid relevant is, te verstaan en verklaar.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Gesondheidswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 110, SLK 120(GS)
Kontaktyd	2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sosiologie 210 (SOC 210)

Module-inhoud:

Deel 1: *Die sosiologie van werk: globalisasie*
Die huidige proses van globalisering op ’n wêreldwye skaal het ’n impak op prosesse wat met verandering en ekonomiese ontwikkeling verband hou Hierdie module bespreek prosesse en debatte oor ekonomiese globalisaring en die globale dominansie van finansiële kapitaal in die laat 20ste en vroeë 21ste eeu. Studente kry die geleentheid om kontemporêre debatte wat met hierdie aangeleenthede verband hou te hersien.

Deel 2: *Gender, die gesin en huishoudings*

Hierdie afdeling fokus op kwessies en teorieë wat betrekking het op ons begrip van huishoudings, gesinne en gender. Dit spreek aangeleenthde soos die dinamiek van gesinstrukture, armoede, die oorlewingstrategieë van arm huishoudings, gendergebaseerde geweld en die maniere waarop die voorafgaande die gesinslewe en -vorme, sowel as kinders en jeugdiges in die besonder, beïnvloed. Klem word daarop geplaas om hierdie kwessies binne 'n Suider-Afrikaanse konteks te ondersoek.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	SOC 110(GS), SOC 120(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Kriminologie 220 (KRM 220)

Module-inhoud:

Deel 1: Viktimologie
Omvang van viktimologie, kontemporêre knelpunte in viktimologie, posisie van die slagoffer binne die strafregsplegingsisteem, slagoffergebaseerde wetgewing, herstellende geregtigheid.
Deel 2: Politieke misdrywe
Die staat as oortreder, misdaad teen die staat, formele en informele onderdrukking, onluste, terrorisme, sluipmoord, hoogverraad, seksuele geweld tydens oorloë en kinders in georganiseerde geweld en konflik.

Modulekrediete	20.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KRM 110, 120, 210
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 220

Kernmodules

Maatskaplikewerkteorie 311 (MWT 311)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Deel 1: Metodes en vaardighede in gemeenskapswerk Metodes en vaardighede vir die gemeenskapswerkproses in die praktyk in 'n ontwikkelingskonteks: identifisering van kapasiteit en behoeftes in gemeenskappe, gemeenskapsdeelname en betrokkenheid; mobilisering van gemeenskapsaksie; funksies en vaardighede van ’n gemeenskapsprojekbestuurder; projekbeplanning; gemeenskapsprojekproses. Deel 2: Maatskaplikewerkintervensie: Groep Intervensie met behandelingsgroepe met klem op die proses en vaardighede; gevorderde groepleierskap; teoretiese benaderings tot werk met groepe.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	MWT 210, 220, MWP 261 +DS
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Maatskaplikewerkteorie 321 (MWT 321)

Module-inhoud:

Deel 1: Maatskaplike werk in gesondheidsorg Die eiesoortige aard, behoeftes en dienslewering met betrekking tot maatskaplike werk in gesondheidsorg, geestesgesondheid en persone met gestremdhede. Deel 2: Maatskaplike beleid 'n Inleiding tot maatskaplike beleid. Die aard. kenmerke, omvang en proses van maatskaplike beleid. Die impak van waardes, etiek en maatskaplike regverdigheid op maatskaplike beleid. Konseptuele raamwerk van die beleidsproses.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	MWT 210, 220 en DS
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Maatskaplikewerkteorie 310 (MWT 310)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Deel 1: Maatskaplikewerkintervensie: Individu en gesin Teorieë, modelle, gevorderde kommunikasievaardighede, die genogram en die ekokaart as intervensietegnieke en die intervensieproses soos van toepassing op die individu en die gesin. Deel 2: Gesinsontwikkeling en -begeleiding Die ontwikkeling van kennis ten opsigte van die verskillende vorme van huwelike en gesinne, die gesin en verliese, gesinsgeweld met betrekking tot huweliksgeweld, gesinsmoorde, die dinamiek van die verskillende vorme van seksuele molestering, die effek van seksuele kindermolestering op die lewe van die volwasse persoon en substituutsorg.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	MWT 210, 220, MWP 261 +DS
Kontaktyd	2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Ondernemingsbestuur 124 (OBS 124)

Module-inhoud:

Die aard en ontwikkeling van entrepreneurskap; die individuele entrepreneur en karaktereienskappe van Suid-Afrikaanse entrepreneurs. Kreatiwiteit en innovasie, die ontdekking en ontginning van ? geleentheid. Die sakeplan en hulpbronvereistes word ontleed. Die begin van die onderneming (“start up”). Ondersoek die verskillende weë/roetes na entrepreneurskap. Toetrede tot familie-ondernemings; die aanskaf van ‘n konsessie (“franchise”); tuisgebaseerde onderneming en die besigheidsoorname. Hierdie semester dek ook hoe entrepreneurs netwerking kan bewerkstellig en ondersteuning vind in hulle omgewing. Gevallestudies van suksesvolle entrepreneurs - ook Suid- Afrikaanse entrepreneurs - word bestudeer.

Modulekrediete	10.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Opvoedkunde Fakulteit Geesteswetenskappe Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	Toelating tot die eksamen in OBS 114
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Ondernemingsbestuur
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Maatskaplike werk in die praktyk 361 (MWP 361)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Beplan en implementeer toepaslike maatskaplikewerkintervensieprosesse en -vaardighede in die praktyk met individue, gesinne, groepe en

gemeenskappe onder supervisie van ‘n welsynsorganisasie.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	MWT 210, 220, MWP 261+DS
Kontaktyd	1 besprekingklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Keusemodules

Sielkunde 320 (SLK 320)

Module-inhoud:

Die module ondersoek ‘n gemeenskapsielkundige perspektief op menslike ontwikkeling en sielkundige intervensie en verken die bydrae van verskeie perspektiewe in sielkunde op ‘n kritiese wyse. Die module fokus op temas soos definisies van kernkonsepte, -beginsels en -doelwitte van gemeenskapsielkunde, die rol van die gemeenskapsielkundige asook die impak van vroeë denkraamwerke op kontemporêre perspektiewe. Die implikasies van hierdie idees vir praktiese inisiatiewe wat op geestesgesondheid in gemeenskappe fokus, word bespreek. Die module fokus verder op kritiese sielkunde. Kritiese sielkunde is 'n orientasie teenoor sielkunde wat krities staan teenoor die aannames en praktyke van die hoofstroom. Dit poog om magsvraagstukke aan te spreek soos hul manifesteer in hoofstroomsielkunde. Die fokus is op ondersoeke na hoe die praktyke en teorieë van hoofstroomsielkunde bydra tot hierdie magsvraagstukke wat gemarginaliseerde groepe betrek.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 310(GS)
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kriminologie 310 (KRM 310)

Module-inhoud:

Deel 1: Misdaadteorieë
Teorieë wat die oorsake en verskillende aspekte van misdaad verklaar.
Deel 2: Psigokriminologie
Aard van menslike gedrag, aggressie en geweld, geestesversteurde oortreders, seksuele oortredings, terrorisme en gyselaarneming.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KRM 210, 220
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sosiologie 310 (SOC 310)

Module-inhoud:

Deel 1: *Sosiale teorie*

Hierdie afdeling fokus op kontemporêre sosiale teorie met die oog daarop om student se begrip van sosiale teorie verby die klassieke kanon te strek. Studente word vetroud gemaak met ‘n kern konseptuele woordeskat, gekose teoretiese paradigmas en onlangse werke in die veld. Hierbenewens word daar klem geplaas op die wyse waarop navorsers wat oor Suid-Afrika werk van sosiale teorie gebruik maak om hulle werk te verryk en om daaraan vorm te gee.

Deel 2: *Arbeidstudies*

Hierdie afdeling spreek sosiologiese benaderings tot die werkplek aan. Dit sluit in ’n kritiese beskouing van arbeidsmarkbeleid en aangeleenthede soos bestuurspraktyk, werk-verskaffing en werkloosheid, asook diskriminasie en buigsaamheid in die arbeidsmark in Suid-Afrika.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	SOC 120, SOC 210(GS), SOC 220(GS)
Kontaktyd	1 tutoriaal per week, 3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Sosiologie 320 (SOC 320)

Module-inhoud:

Deel 1: *Landelike en stedelike sosiologie*

Teen die agtergrond van die ontstaan en ontwikkeling van sowel die vele gestaltes van kapitalisme as globalisering in die globale Noorde en Suide gedurende die 20ste en 21ste eeu, skenk hierdie afdeling oorweging

aan die verhouding tussen landelike en stedelike omgewings. Vrae oor die aard van sosiale interaksie in gemeenskappe, nuwe vorme van sosiale betrekkinge, ongelykheid en bestaansmiddele, kollektiewe aksie, plaaslike kulture en moderniteite word bespreek.

Deel 2: *Die sosiologie van godsdiens*

Hierdie afdeling ondersoek godsdiens en sekularisasie binne sosiale konteks. Spesifieke klem word geplaas op godsdiens en die sekularisme as kragte van sosiale verandering.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	SOC 210, SOC 220(GS)
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 tutoriaal per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Sosiologie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Sielkunde 310 (SLK 310)

Module-inhoud:

Identifikasie van abnormale gedrag in kinders aan die hand van kennis van normale kinderontwikkeling; inleiding tot die studie van verskeie modelle met betrekking tot abnormale gedrag; verstaan en toepassing van basiese konsept in kinderpsigopatologie. Die module verskaf ook ‘n inleiding tot psigopatologie en simptomatologie van volwasse abnormale gedrag. Terminologie, definisie van abnormale gedrag, probleme met diagnose, etiketering en mites aangaande abnormale gedrag sal bespreek word. Neurose as ‘n spesifieke geestesversteuring word krities bestudeer vanuit ‘n multidimensionele perspektief, insluitend intrapsigiese, interpersoonlike and sosiaal-kulturele verduidelikings.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe
Voorvereistes	SLK 210(GS), SLK 220(GS)
Kontaktyd	2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Sielkunde
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Kriminologie 320 (KRM 320)

Module-inhoud:

Deel 1: Vrouemisdaad
Aard en omvang van vrouemisdaad, misdade wat vroue pleeg en teoretiese verklarings.

Deel 2: Kontemporêre kriminologievraagstukke
Kontemporêre misdaadverskynsels soos haatmisdade, padwoede, korrupsie, witboordjiemisdade, georganiseerde misdaad, ekologiese misdaad asook die probleme wat kontemporêre misdaad meebring soos babas agter tralies en MIV/vigs word onder die loep geneem. Tesame hiermee word aandag geskenk aan forensiese verslagskrywing, voorbereiding van kinders en jeugdiges om in die hof getuienis te lewer en herstellende geregtigheid.

Modulekrediete	30.00
Diensmodules	Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie
Voorvereistes	KRM 210, 220, 310 (GS)
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Aparte klasse vir Engels en Afrikaans
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Maatskaplikewerknavorsing 455 (MWT 455)

Module-inhoud:

Navorsingskonsepte, navorsingsetiek, tipes navorsing, navorsingsontwerpe en die navorsingsproses, soos van toepassing op maatskaplike werk. Onafhanklike navorsing na aan leiding van 'n relevante onderwerp. Die voltooide navorsingsproses word weergegee in 'n navorsingsverslag.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	MWT 310, 311, 321, MWP 361 +DS
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week, 2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Maatskaplike werk in die praktyk 400 (MWP 400)

Module-inhoud:

As intern by ’n welsynsorganisasie moet die student in staat wees om maatskaplikewerkteorie vanuit ’n ontwikkelingsgerigte benadering in die praktyk toe te pas. Die fokus is op intervensies met individue, gesinne, groepe en gemeenskappe. Intervensies is gerig op voorkoming, vroeë intervensie, statutêre proses en kontinuum van onwikkelingsdienste, met inagneming van relevante beleidsaspekte vanuit ’n plaaslike en internasionale perspektief, met inagneming van die basiese waardes en beginsels van die Handves vir Menseregte soos in die SA Grondwet vervat. Bestuur van eie werkslading.

Modulekrediete	45.00
Voorvereistes	MWT 310, 311, 321, MWP 361+ DS
Kontaktyd	1 besprekingsklas per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Maatskaplikewerkbestuur 452 (MWT 452)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Algemene beginsels in maatskaplikewerkbestuur met spesifieke verwysing na funksies, bestuursetiek en bestuurstyle. Supervisie as ‘n maatskaplikewerkbestuursinstrument met spesifieke verwysing na die funksies, metodes en prosesse

van maatskaplikewerksupervisie.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	MWT 310, 311, 321, MWP 361 +DS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Maastskaplike ontwikkeling 454 (MWT 454)

Module-inhoud:

*Geslote – vereis departementele keuring Oorsig van die konteks en aard van maatskaplike welsyn en maatskaplike dienste in Suid- Afrika; praktykrealiteite en uitdagings; belangrikheid van vennootskappe. Maatskaplike ontwikkeling teen die agtergrond van sosio-ekonomiese en politieke invloede vanuit ‘n internasionale, streeks- en nasionale perspektief as verskynsel. Maatskaplike regverdigheid en verandering van strukturele kragte van onderdrukking, uitsluiting en ontmagtiging deur middel van maatskaplike ontwikkeling. Die impak van die politieke ekonomie en omgewingsuitdagings op maatskaplike en finansieringsbeleide, maatskaplike ontwikkeling en maatskaplike dienste. Verhouding tussen maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling.

Modulekrediete	15.00
Voorvereistes	MWT 310, 311, 321, MWP 361 +DS
Kontaktyd	2 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.